

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Vorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

Skriflesing: Esegïël 24:1-14

Teks: **Esegïël 24: 6; 11-12**

Sing- Ps. 148:1,4; Ps. 139:10,12; Sb.34:1,3; Ps. 149:1,2; Ps. 20:1,4,6

Broeder en suster- Vandag se hoofstuk uit Esegïël dra weer 'n presiese datum. Dit was die tiende van die tiende maand van die negende jaar van koning Jojagin. In ons terme was dit so Des-Jan maand 589-588vC. Dadelik ontvang Esegïël die opdrag dat hy hierdie datum moet opskrywe.... v.2 *skrywe vir jou die naam van die dag, van hierdie selfde dag op...* Dan word die opskrif van hierdie dag presies weergegee- *Die koning van Babel het hom hierdie selfde dag op Jerusalem gewerp.*

Dit val 'n mens op hoe noukeurig God die dinge laat gebeur en laat opteken. Esegïël wat vêr van Jerusalem af is, vêr in ballingskap weggevoer, daar bestaan nog geen internasionale kommunikasie-middele wat met internet en koerante, TV of selfone, wat ook al verband hou nie, maar God laat Esegïël die presiese datum weet waar die beleëring van Jerusalem daar vêr van hom sal begin plaasvind. Soos ons in die afgelope weke bewus geword het hoe daar in die land van die ou Farao's, in Egipte het dinge byna in 'n ommesientjie tot groot ommeswaai gekom en dit deur die massas se vermoë om deur SMS'e en dies meer mekaar nader te trek. Daardie middele is nie vir Esegïël daar gewees nie, maar hy word deur God nader getrek, op nog noukeuriger wyse ingelei oor waarom die groot opstand Israel getref het. Nog vóór dit alles in Jerusalem 'n volle werklikheid kon word, dan is dit Esegïël wat presies weet wat hierdie werklikheid alles insluit, hy word selfs met die dag en datum op hoogte gebring.

Vir God gaan dit in alle geval om baie meer as om ons op hoogte te bring. As die totale verwoesting van Jerusalem op daardie dag en datum gaan begin dan wil God dat Esegïël moet beseef wat het die Here reeds nege jaar voor hierdie nuwe datum begin doen. In 597vC toe was Esegïël en nog baie ander in Jerusalem reeds in ballingskap weggevoer. Daar was toe al die pot wat op die vuur gekom het.

Esegïël 11:3 staan lankal terug- *hierdie stad is die pot en ons is die vleis...* Dit is nog altyd presies dieselfde beeld wat Esegïël nou weer in 'n gelykenis moet aangryp. Die stad word soos 'n pot voorgestel en al die inwoners in hierdie pot word soos stukke vleis beskrywe. Daar word goeie stukke vleis beskrywe- *die boud, die blad, die pot moet met die beste bene gevul word(v.4).*

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Vorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

En nou moet Esegïël besef dit wat in hfst. 11 al gesê was, dit het op Jerusalem nie die uitwerking gehad in wat God vir hulle wou duidelik maak nie. Die mense in Jerusalem het gedink ons is so kosbaar in die Here se oë en al kom daar ook watter groot vure wat rondom hierdie pot gaan brand, vir ons sal dit nie raak nie. Ons hoef die vlamme nie te vrees nie, want al wat die vuur eintlik regkry is om net nog 'n lekkerder geur van ons as die vleis in die pot te laat uitgaan. As jy waarlik regte vleis van Abraham is dan sal die Here sy Jerusalem soos deur vuur heen koester en bewaar. So baie het daar in Jerusalem wou glo dat God sal sy lieflinge tog nooit laat verlore gaan nie.

In wat ons vandag hier lees, broeder en suster, met watter misgissing het Jerusalem hulleself mee oortuig. 'n Mens kan jou wel party keer lelik misgis soos dit met Jerusalem duidelik die geval was. Om jouself so te oorskot, daardie selfhandhawing, daardie eiegeregtigheid waarmee ons as mense heeltemal 'n ander prent van onself kan vorm as wat eintlik die werklikheid is. Ons vertrou so op ons eie idees en op die eiedunk van onself dat mens die pot lelik kan missit, presies soos wat met daardie mense in Jerusalem gebeur het. As Jerusalem sou dink dat hulle is die pot so onaantasbaar in sy staal en in sy geprut van kosbare vleis dan is dit waar hulle weer by hulleself moet begin. Soos ons verlede week moes besef ek moet myself kan mishag, daar moet 'n ware afkeer wees van dit wat in my verkeerd is, voordat daar 'n inkeer en toekeer tot die Here kan plaasvind.

Ons voorbereiding vandag staan heeltemal in lyn met wat Jerusalem van hulleself nie wou raaksien nie. Hulle die kosbare vleis in die pot Jerusalem saamgevoeg, maar wat hulle nie besef het nie en dit is waar dit vandag alles na heenwys die pot wat hulle gedink het hulle onaantasbaar tussen die res van ander volke geplaas het, presies die pot waarin hulle hul bevind, dié se pot se binne- en buitekant het alreeds die een roesvlek na die ander begin uitslaan. Hierdie hele proses van hier is kinders van die Here, maar hulle is besig om op te roes is waar dit vandag oor gaan. Vers 6 dan sê die Here- *Wee die bloedstad, die pot waar roes in is en waarvan die roes nie afgegaan het nie...*

Die Here maak dit duidelik, nege jaar terug sou julle ook my vleis gewees het, nege jaar terug was julle in dieselfde pot, toe het die Here al stukke van die vleis die pot uitgehaal (v.6). Hierdie uitgehaalde stukke wys tog baie duidelik op die getal in Jerusalem wat reeds toe al in ballingskap weggevoer was. Esegïël was ook so 'n stuk vleis. Die pot wat in Jerusalem

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Voorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

agtergebly het, Jerusalem is mos nog steeds die pot, wat werklik met die eerste vlamme onder hulle moes sien, wat nou gebeur is vir die Here nie goed nie, maar hulle maak asof dit goed is. Hulle wat in Jerusalem kon agterbly is met bloedvlekke agtergelaat. Nou weet ons, 'n bloedvlek as jy dit op 'n stuk staal los, maak nie saak hoe dik daardie staal mag wees nie, 'n bloedvlek word baie gou 'n roesvlek. Bloedvlekke is baie keer die inleiding tot roesvlekke as daar met die bloedvlek nie werk gemaak word nie.

Dit wat die Here as bloedvlekke tipeer het te doen met hoe daardie mense in die pot agtergebly, hoe het hulle nog steeds die armes uitgebuit, hoe het hulle die reg tot hulle eie voordeel verdraai, hoe het hulle aanmekaar hulle harte hard gemaak. Ons lees in v7 iets van hierdie hardheid as die Here praat van 'n *kaal rots...* Jerusalem is so 'n rots waarop die bloed gestort word en nou weet ons rots is te hard dat die bloed werklik daar kan intrek. As die bloed op gewone grond sou val dan trek dit darem nog in, die stof bedek dit, maar hier waar bloed soos op 'n kaal rots val, dit kan nie wegtrek nie, al wat gebeur dit is soos in die pot dit droog weg, dit laat 'n vlek en vanuit daardie vlek kan dit nie werklik afgewas word nie, maar dit is hoe 'n bloedvlek 'n roesvlek kan word. Ons teksverse praat van die roes wat nie wou afgegaan het nie.

Intussen het daar weer byna 'n dekade verby gegaan, waarin die Here met hulle besig was. Dit wat die afgelope nege jaar in Jerusalem moes gebeur was dat mense bloedvlekke nie meer en groter moes laat word het nie, maar dit afgewas moes gewees het. Dit moes afgegaan het... Die Here het in liefde sy bemoeienis met hulle eintlik ernstiger en ernstiger getoon, dit was nie 'n dekade van oordeel en gerig en vernietiging nie, maar dit was eintlik 'n dekade van die mees intense liefdes bemoeienis wat daar kan wees wat God met Jerusalem gehad het. Hoe het ons die hoofstukke van God se liefde die vorige Sondae gehad, waar hulle in Jerusalem in die mees intieme taal beskryf staan, soos die tussen 'n man en sy vrou waar daar tussen hulle deur die band van die verbond God se huweliksverbond met hulle moes wees. Maar het ons ook reeds al in baie hoofstukke van Esegïel gehoor, die Here se liefde is nie met liefde geantwoord nie.

Die Here het die pot laat kook, daar was baie gedoen om te keer dat die roes nie daar moes wees nie, die Here wou eintlik vir Jerusalem weer in haar skoonheid laat skitter, maar op daardie presiese dae, die tiende van die tiende maand, dan is dit eintlik die sperdatum waarop

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Vorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

die Here kon aantoon, dat hier is geen roesvlek behoorlik verwyder nie. Die roes het die staal van die pot al hoe dieper ingevreet. En dit weet ons- hoe langer roes toegelaat word om sulke yster in te vreet, hoe moeiliker sal dit word om die roes weer daaruit te haal. Mense wat by die see bly sal vir jou kan wys hoe verwaarloosde roes geen stukkie staal of yster uitlos nie. Dit is hoe verwaarloosde sonde ook is, dit los naderhand niks uit nie, dit vreet in alles en later deur alles.

Wanneer ons vandag met voorbereiding besig is, wanneer 'n jongmens haar geloof gaan bely, vir haar en vir ons, is dit so belangrik dat die Here se roesbehandeling ons nie moet verbygaan nie. Ons wat in die geloof mag staan, moet in die geloof ook geolie word. Olie keer juis roes.... 'n Ou geroeste slot kan ek 'n nuwe sleutel daar indruk, dit kan daardie slot se sleutel wees, maar as daar nie met die slot iets gedoen word nie, kan selfs 'n nuwe sleutel dit nie oopsluit nie.

Die Nagmaal en ons belydenis van geloof moet nie as nuwe sleutels gesien word nie, maar sien dit as middele wat in God se hande is om met die geroeste slotte in ons lewe te werk. Om ons weer oop te sluit. Om die roes af te haal, dit weg te werk. Wanneer 'n jongmens haar geloof bely, watter besondere gebeurtenis, iets van 'n wonderbaarlike oopsluit wat plaasvind, 'n nuwe slot en nuwe sleutel word eintlik in haar hande geplaas, maar sy moet altyd onthou slot en sleutel moet altyd bymekaarstaan, soos die Here se Woord en die Here se Gees nie vanmekaar geskei kan word nie.

As ek die sleutel tot die geloof ontvang het, 'n wonderlike sleutel, maar ek laat die slot van God, sy Woord daar in die reën en wind hang, die Woord moet nou maar buite bly, ek bly buite die Here se kerk, eredienste, sakramente word verwaarloos, dit roes, dan kan ons maar weet 'n verroeste Skrifkennis gaan baie beslis 'n verwaarloosde geloofkennis teweegbring. As ek toelaat dat die roes intree dan het die verwaarloosing klaar ingetree. Daar kan nie geloofkennis wees sonder Skrifkennis nie! Die sleutel moet altyd die slot weer kan oopsluit, roes moet daartussen nie toegelaat word nie.

Roes moet nie toegelaat word om te rus nie. Daar is ook die uitdrukking van rus roes. Vorbereiding is daardie voorneme dat rus nie roes moet word nie. Om roesvlekke te verwyder is geen gemaklike werk nie, maar sulke vlekke mag nie met rus gelaat word nie.

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Voorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

Die Here laat dit ook nie met rus nie. As daardie bloedvlekke gevorderde roesvlekke geword het, dan laat die Here baie bondels hout aandra. Daardie pot wat Jerusalem is, haar huidige inwoners is die vleis, die Here laat die pot droogkook (v.11), die pot moet rooiwarm word want die roes moet weggebrand, seker byna weggesmelt word. Dit sal die roes verteer. Dit is baie duidelik met hierdie roes sal die Here nie vrede maak nie, hoe kan ons dan daarmee vrede hê?! Hoe dankbaar moet ons wees dat die Here hierdie roesvlekke in sy kerk se bestaan nie sal duld nie. Daar is nie 'n oomblik in die kerk se bestaan wat ons nie strydende kerk moet wees om ook teen die roes te moet bly stry nie.

Die geleentheid tot vandag se voorbereiding, die geloof wat ons vanoggend bely het, sy wat nou haar geloof openlik gaan bely, is alles geleentheid wat die Here in ons werk om kerklike roes weg te werk. Die olie wat in ons siele kan kom, om sonderoes uit te haal. Sonde is in ons almal en sonde is nou maar eenmaal nie maar net soos verfspatsels wat op 'n mens se klere kom sit en as dit droog word kry ek dit later afgekrap nie. Sonde weet ons almal vreet baie dieper in. Dit vreet in 'n mens se siel soos wat roes in yster kan invreet. Hoe langer dit gelos word hoe dieper die invreet. In die kerklike lewe van die Afrikaner sal ons al meer agterkom as die roes maar net gelos word dan is dit soos 'n ou wa wat nooit gesmeer word nie. Hoe verder hierdie wa op die kerklike paaie van Suid-Afrika gesleep word, ook op die kerkverbandelike paaie, gaan die geroeste bak en vere al hoe harder kraak en kreun en gaan die wiele al hoe meer daardie onaardse geluide maak omdat die wiel laers lankal reeds droog geraak het en begin roes het. Nou met sulke geroeste laers wil ons vorentoe gaan. Voorbereiding laat ons besef dit kan nie so werk nie!

Al hoe dit weer gladder kan voortrol is as 'n nuwe geslag van gelowiges daarby kan kom wat werklik vanuit hulle geloof wil lewe. As daar in kerklike kringe drupsgewys die enkelinge is wat werklik erns maak om hulle geloof te bely en uit hierdie geoliede geloof die lewe in te gaan, dan wonder 'n mens of daar vandag statisties gesproke werklik meer as 4 uit elke 10 jongmense is wat werklik nog daartoe kom en daartoe bereid is om te doen wat vandag hier gebeur. En dan gebeur dit ook weer heel dikwels dat uit elke drie daar nog weer een maar net begin roes. Die jong geslag Afrikaners laat mens tog aan die ander kant weer uitsien as mens met hulle praat wat ernstig is oor hulle geloof dat hulle moeg geword het en besig is om al moeër te word vir die bestaan en verstaan van kerk-wees wat nie werklik daarop gerig is om God in sy Koninkryk te dien nie.

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Vorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

In Sagaria 7 het ons die aangrypende voorbeeld van jongmense wat moeg geword het vir geroeste gebruike! Twee van die jongeres uit Bethel- Sareser en Regem- Meleg, met ook nog ander jongeres kom daar in Jerusalem aan met 'n bepaalde opdrag. Die opdrag raak die kerklike lewe van daardie tyd ingrypend. Dit is godsdienstig, liturgies en kerkregtelik van aard, want kom hierdie jongmense in Jerusalem en hulle probeer nie die priesters se gesag uit te daag nie, nee hulle wil graag op hulle manier weet watter sin dit nog kan hê om die boetedae en die vasdae volgens allerhande voorskrifte getrou na te volg. Hulle vra die vraag in Sag:7:5 heel duidelik- *Moet ek in die vyfde maand ween met vas soos ek nou al so baie jare gedoen het...*

Die jongeres en die oueres kan mekaar in die oë kyk, want 'n ou geroeste gebruik wat werklik in hulle gemeenskap op geen vaste grond meer staan nie en daar ook geen rede meer is om so die vasdae te onderhou nie, laat hulle hieroor wonder is dit nog nodig?! En nou moet ons beseef, broeder en suster, ons sou oor hierdie jongmense en ouer mense se gesprek ons lank mee kon besig hou dat daar iets baie mooi hierin sit. As Sagaria antwoord dan praat hy nie net met die afgevaardigde jonges nie, maar in v.5 is sy antwoord aan die hele volk gerig, dat ek moet kan onderskei tussen rewolusie en reformasie. Die jongmense met hierdie vraag is nie van plan om in die kerklike gebruike 'n rewolusie aan die gang te sit nie, want 'n rewolusie breek eenvoudig met die oue, sonder om te vra of dit wel mag gebeur.

Nee, hierdie jongmense, by monde van Sareser en Regem-Melech maak dit duidelik hulle het ook maar nog heeltyd getrou hierdie dae onderhou, hulle het nie eenvoudig daarmee wou breek nie, maar hulle wonder of die pad tot reformasie nie wel anders na gekyk moet word nie. Moet ons nog so rou en ween en vas en dit nog weer in die vyfde maand. Sagaria antwoord hulle met wat ons voorbereiding is, ook raak. Hier word nie partye teen mekaar uitgespeel/opgeweeg, die ouer mense teen die jongmense nie.

Maar as die jongmense kla dat hier word te veel gedoleer, hierdie rou wat nog voortduur verstaan ons nie, dit wat nou al 70 jaar aan die gang is, ons tande word stomp van ons ouers se groen druiwe... dit kom maar weer daarop terug, dan antwoord Sagaria nie namens die trane-kommando nie, maar die vraag aan die jongmense is, wil julle die vasdae en die rou afskaf omdat julle reeds ten volle daardeur gegaan het en alles daarvan verstaan en deurgewerk het, of wil julle dit afskaf omdat julleself nog nie eers daarby uitgekom het nie.

Pretoria- 20 Februarie 2011 (Voorbereiding en belydenisaflegging-Adri van der Dussen)

En omdat julle nog nie daarby uitgekome het, julle verstaan nie die werklike betekenis daarvan nie, daarom wil julle dit afskaf. Die roes lê dalk nie in wat julle afgeskaf wil hê nie, maar die roes lê in baie gevalle eerder in 'n mens self al is ek dalk nog jonk...

Vir die ouer mense het Sagaria weer die vraag is hierdie nie maar 'n mense-insetting nie, dan kan julle insettinge maar gerus die kritiek moet verduur, want met mense-insettinge kan daar regtig in ander tye ook ander planne mee gemaak word. Anders is julle met konserwatisme besig en ons weet dat ware reformasie ken sekere tye eintlik nie 'n groter vyand as konserwatisme nie. Mense-insettinge kan afgeskaf word, as die roes dit eintlik al klaar verteer het, die konserwatisme is al wat nog die dop vorm maar die inhoud is lankal weggevreter. Paulus wat aan Timotheus ook die breë struktuur van konserwatisme voorhou dat as mense nog 'n gedaante van die godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het... *wil altyd (ander) leer maar kom nie tot die kennis van die waarheid nie.* Hulle kom nie tot die kern nie... hulle verdra net soos die liberaliste nie regtig die gesonde leer nie.

Terwyl wat ouer mense, oumense en jongmense moet kan onderskei dit wat nie kan roes nie. Dit wat van die Here afkom. So moes die jongmense wel aan sekere vasdae nie torring nie, soos bv. daardie een besonder vasdag wat met die groot Versoendag saamgegaan het en dit is geen mense-insetting nie. Dit wat van die Here kom, moet nie onder verdenking geplaas word nie. Daar was die vasdag oor die ander vasdae, die ween wat oor die ander geweene moet kom, want om te ween en te vas, maar dit staan nie werklik coram Deo nie, jy is nie werklik hierdeur voor die aangesig en die heerlijkheid van God gestel nie, ween dan oor jou ander verkeerde geweene, vas dan oor jy so verkeerd gevas het.

Ons gaan Sondag Nagmaal vier, dit mag 'n fees wees, in Christus is die trane drooggemaak, die vasdae vasgemaak, die roes is afgemaak, mag ons besef God vertoorn Hom nie oor die pot as sodanig nie, maar oor die roes daarop. Dit is nie pot wat die Here wil laat wegsmeel nie, maar sy roes. Ons moet ook in ons voorbereiding staal en roes, yster en roes van mekaar kan onderskei. As die roes weg is, dan is die yster mos nog daar!

AMEN